

Wêreld Definisie vir die Maatskaplikewerkprofessie

Maatskaplike werk is 'n praktyk-gebaseerde professie en 'n akademiese dissipline wat maatskaplike verandering en ontwikkeling, maatskaplike kohesie, en die bemagtiging en bevryding van mense bevorder. Beginsels van maatskaplike geregtigheid, menseregte, kollektiewe verantwoordelikheid en respek vir diversiteit is fundamenteel in maatskaplike werk. Versterk deur teorieë vir maatskaplike werk, sosiale wetenskappe, geesteswetenskappe en inheemse kennis¹, betrek maatskaplike werk mense en strukture om lewenseise te hanteer en welsyn te bevorder.

Die bogenoemde definisie kan verder uitgebou word op nasionale en/of streekvlakke.

KOMMENTAAR

Die doel van die kommentaar is om die kernaspekte wat gebruik is in die definisie te ontleed. Dit word spesifiek bespreek in verhouding tot die maatskaplikewerkprofessie se kern mandate, beginsels, kennis en praktyk.

KERN MANDATE

Die maatskaplikewerkprofessie se kernmandate sluit in fasilitering van maatskaplike verandering, maatskaplike ontwikkeling, maatskaplike kohesie en die bemagtiging en bevryding van mense.

Maatskaplike werk is 'n praktykgerigte professie en 'n akademiese dissipline wat erken dat die onderlinge verbindings tussen historiese, sosio-ekonomiese,

¹ In die Engelse definisie word deurgaans verwys na 'knowledges'. In hierdie vertaling word na 'kennis' verwys in die meerderheidsvorm wat impliseer dat dit verskeie kennisbasisse insluit.

kulturele, ruimtelike, politieke en persoonlike faktore dien as geleenthede en/ of struikelblokke vir mense se welsyn en ontwikkeling. Strukturele struikelblokke dra by tot die instandhouding van ongelykhede, diskriminasie, uitbuiting en onderdrukking. Die ontwikkeling van kritiese bewussyn geskied deur te reflekteer op strukturele oorsake vir onderdrukking en/of bevoordeling, gebaseer op kriteria soos ras, klas, geslag, gestremdheid, kultuur en seksuele oriëntasie, en die ontwikkeling van aksie strategieë vir die aanspreek van strukturele en persoonlike struikelblokke, vorm die kern van geëmansipeerde praktyk waar die doelstellings die bemagtiging en bevryding van mense is.

In solidariteit met diegene wat benadeel is, streef die professie daarna om armoede te verlig, mense wat kwesbaar en onderdruk is te bevry, en maatskaplike insluiting en maatskaplike kohesie te bevorder.

Die mandaat vir maatskaplike verandering is gebaseer op die uitgangspunt dat maatskaplikewerkintervensie plaasvind wanneer die huidige situasie, of dit op die vlak van die persoon, gesin, klein groep, gemeenskap of samelewing is, dui op 'n behoefte aan verandering en ontwikkeling. Dit word gemotiveer deur die behoefte om die strukturele omstandighede wat bydrae tot marginalisering, maatskaplike uitsluiting en onderdrukking uit te daag en te verander. Maatskaplike veranderingsinisiatiewe erken die posisie van mense om self te besluit oor die bevordering van menseregte en ekonomiese, omgewings- en maatskaplike geregtigheid. Die professie is ook verbind tot die handhawing van maatskaplike stabiliteit; so lank sodanige stabiliteit nie gebruik word om enige spesifieke groep of persone te marginaliseer, uit te sluit of te onderdruk nie.

Maatskaplike ontwikkeling is gekonseptualiseer om te beteken strategieë vir intervensie, die verwagte eindresultate en 'n beleidsraamwerk wat aanvullend is tot die meer populêre residuele en instituele beleidsraamwerke. Dit is gebaseer op holistiese bio-psigososiale, spirituele assesserings en intervensies wat die mikro-makro divisie oorbrug; die inkorporering van multi sisteemvlakke, en inter-

sektorale en inter-professionele samewerking, gerig op maatskaplike ontwikkeling. Dit prioritiseer sosio-kulturele en ekonomiese ontwikkeling en onderskryf nie konvensionele wysheid dat ekonomiese groei 'n voorvereiste is vir maatskaplike ontwikkeling nie.

BEGINSELS

Die oorkoepelende beginsels van maatskaplike werk is respek vir die inherente waarde en waardigheid van mense; om nie skade aan te rig; respek vir diversiteit, en handhawing van menseregte en maatskaplike geregtigheid.

Om advokaat te wees vir die handhawing van menseregte en maatskaplike geregtigheid is die motivering en rede vir maatskaplike werk. Die maatskaplikewerkprofessie erken dat menseregte gepaardgaan met kollektiewe verantwoordelikheid. Die idee van kollektiewe verantwoordelikheid beklemtoon die realiteit dat individuele menseregte slegs op 'n daaglikse basis kan realiseer as mense verantwoordelikheid neem vir mekaar en die omgewing en vir die belangrikheid om onderlinge verhoudings in gemeenskappe te vestig. Daarom is 'n hooffokus van maatskaplike werk om te pleit (advokaat te wees) vir die regte van mense op alle vlakke, en om uitkomste te fasiliteer waar mense verantwoordelikheid neem vir mekaar se welsyn en die onderlinge interafhanklikheid tussen mense en mense en hulle omgewing, verstaan en respekteer.

Maatskaplik werk inkorporeer eerste, tweede en derde generasie regte. Eerste generasie regte verwys na siviele en politieke regte soos vrypraak, bewussyn en integriteit en vryheid van marteling en arbitrêre inhegtenisneming. Tweede generasie regte verwys na sosio-ekonomiese en kulturele regte wat insluit die reg tot aanvaarbare vlakke van opvoeding, gesondheidsorg, behuising en minderheid taalregte. Derde generasie regte fokus op die natuurlike wêreld en die reg tot spesie biodiversiteit en inter-generasie gelykheid. Hierdie regte is

wedersyds versterkend en interafhanklik en akkommodeer beide individuele en kollektiewe regte.

In sommige gevalle kan 'om geen skade aan te rig' en 'respek vir diversiteit' konflikterende en kompeterende waardes verteenwoordig. Byvoorbeeld waar in die naam van kultuur, regte - ingesluit die reg op lewe, en regte van minderheidsgroepe soos vroue en homoseksuele persone – geskend word. Die *Global Standards for Social Work Education and Training* hanteer hierdie komplekse verskynsel deur 'n pleidooi dat maatskaplike werkers opgelei word in 'n basiese menseregte benadering. Dit word omskryf in die volgende verklarende nota:

Sodanige benadering kan konstruktiewe konfrontasie en verandering fasiliteer waar sekere kulturele oortuigings, waardes en tradisies mense se basiese menseregte skend. Omdat kultuur maatskaplik geskonstrueer en dinamies is, is dit onderhewig aan dekonstruksie en verandering. Sodanige konstruktiewe konfrontasie, dekonstruksie en verandering kan gefasiliteer word deur 'n instelling vir en begrip van spesifieke kulturele waardes, oortuigings en tradisies en deur kritiese en reflektiewe dialoog met lede van die kulturele groep in verhouding tot breër menseregte verskynsels.

KENNIS

Maatskaplike werk is beide interdissiplinêr en transdissiplinêr en neem van 'n wye versameling van wetenskaplike teorieë en navorsing. 'Wetenskap' word in hierdie konteks verstaan in die mees basiese betekenis as 'kennis'. Maatskaplike werk neem van sy eie konstante ontwikkelende teoretiese fundering en navorsing, sowel as van teorieë van ander menswetenskappe, insluitend, maar nie beperk tot gemeenskapsontwikkeling, maatskaplike pedagogie, administrasie, antropologie, ekologie, ekonomie, opvoeding, bestuur, verpleging, psigiatrie, sielkunde, openbare gesondheid en sosiologie. Die uniekheid van maatskaplikewerknavorsing en -teorieë is dat hulle toegepas en geëmansipeerd is. Baie navorsing en teorie in maatskaplike werk is saam met diensverbruikers in 'n interaktiewe, dialogiese proses ontwikkel en daarom ingelig deur spesifieke praktykomgewings.

Die voorgestelde definisie erken dat maatskaplike werk ingelig word nie net deur spesifieke praktykomgewings en Westerse teorieë nie, maar ook deur inheemse kennis. Deel van die erfenis van kolonialisme is dat Westerse teorieë en kennis eksklusief waardeur is en inheemse kennis gedevalueer en geïgnoreer is en oorheers is deur Westerse teorieë en kennis. Die voorgestelde definisie poog om die proses te stop en die proses om te keer deur te erken dat inheemse mense in elke streek, land of area hulle eie waardes het, eie wyses om kennis te bekom en oor te dra, en dat hulle waardevolle bydraes tot wetenskap gemaak het. Maatskaplike werk streef daarna om die historiese Westerse wetenskaplike kolonialisme en oorheersing aan te spreek deur te luister na en te leer van inheemse mense regoor die wêreld. Op hierdie wyse sal maatskaplikewerkkennis saam met inheemse mense ontwikkel word en sodoende maatskaplikewerkpraktyk meer toepaslik maak in sowel plaaslike omgewings as internasionaal. Ontleen uit die werk van die Verenigde Nasies, definieer die *International Federation of Social Work* (IFSW) inheemse mense soos volg:

- Hulle leef in (of handhaaf konneksies met) aparte geografiese oor outydse (voorvader) omgewings.
- Hulle neig om afsonderlike maatskaplike, ekonomiese en politieke instellings te handhaaf binne hulle streek.
- Hulle aspireer gewoonlik om kultureel, geografies en institusioneel afsonderlik te wees, eerder as om ten volle in die nasionale samelewing geïntegreer te word.
- Hulle self-identiteit is inheems of etnies.

<http://ifsw.org/policies/indigenous-peoples>

PRAKTYK

Maatskaplike werk se geldigheid en mandaat lê in sy intervensie by die punt waar mense in interaksie is met hulle omgewing. Die omgewing sluit die

verskillende maatskaplike sisteme in waarin mense gevestig is en die natuurlike, geografiese omgewing, wat 'n pertinente invloed op mense se lewens het. Die deelnemende metodologie waarvoor gepleit word in maatskaplike werk is gereflekteer in “Betrek mense en strukture om lewenseise te hanteer en hulle welsyn te bevorder”. Sover as moontlik ondersteun maatskaplike werk dit om met mense saam te werk eerder as om vir mense te werk. In lyn met die maatskaplike ontwikkelingsparadigma, gebruik maatskaplike werkers 'n reeks vaardighede, tegnieke, strategieë, beginsels en aktiwiteite op verskillende sisteemvlakke wat gerig is op sisteemhandhawing en/of sisteemveranderingpogings. Maatskaplikewerkpraktyk strek oor 'n wye spektrum van aktiwiteite, insluitend verskillende vorms van terapie en berading; groepwerk en gemeenskapswerk; beleidsformulering en analise; aktivisme en politieke intervensies. Vanuit 'n geëmansipeerde perspektief, ondersteun hierdie definisie maatskaplikewerkstrategieë wat gerig is daarop om mense se hoop, selfwaarde en kreatiewe potensiaal te versterk om dominerende magsdinamika en strukturele oorsake van ongeregtighede te konfronteer en uit te daag; dus die inkorporering van die mikro-makro, persoonlik-politieke dimensie van intervensie in 'n logiese geheel. Die holistiese fokus van maatskaplik werk is universeel, maar die prioriteite vir maatskaplikewerkpraktyk sal verskil van een land na die volgende en van tyd tot tyd afhangende van die historiese, kulturele, politieke en sosio-ekonomiese omstandighede.

Dit is die verantwoordlikheid van maatskaplike werkers regoor die wêreld om die waardes en beginsels wat in die definisie gereflekteer is te verdedig, te verryk en te realiseer. 'n Maatskaplikewerkdefinisie kan slegs betekenisvol wees wanneer maatskaplike werkers aktief verbind is tot die1 definisie se waardes en visie.